Pasop vir God!

"'n Fontein sal uit die Huis van die Here borrel" Joël 3:18

Ek's 'n dapper muis

- Ons is vir niks meer bang nie. Dis nie sonder meer 'n goeie ding nie. Natuurlik is dit nie goed om met angs en fobies te leef nie. Sê die Bybel nie juis dat die liefde die vrees verdryf nie? As God se mense weet ons dat selfs die dood (ons mees formidabele vyand) oorwin is in Christus. So om bang te wees vir gister, vandag en môre is onnodig as jy immers weet dat jy nie uit die hand van die Here kan rol nie.
- Wanneer ons egter soos die muis ons begin dapper hou of fluit in die donker om te maak asof ons nie bang is nie, terwyl ons eintlik binne bewe, is ons doodgewoon nie eerlik met onsself, ander en God nie.
- Dis 'n probleem as ons nie meer bang is vir 'n lewe van selfsug en arrogansie waar ek my eie reëls maak en leef nie. Mens vermy immers dit waarvoor jy bang is.
- "Aan jou dade grens 'n ewigheid" dig DJ Opperman. My aksies het konsekwensies. Het ons nie 'n onskadelike, mak Godsbeeld begin ontwikkel, waar niks meer saakmaak want "God sal dit oorsien" nie? CS Lewis skryf aangrypend in sy metaforiese *The Chronicles of Narnia* dat God (of dan die Jesus-figuur as die Leeu Aslan) goed is, maar nie veilig nie. Pasop dus vir God! Hy is heilig en Hy oordeel.

"Is--is he a man?" asked Lucy.
"Aslan a man!" said Mr. Beaver sternly. "Certainly not. I tell you he is the King of the wood and the son of the great Emperor-Beyond-the-Sea. Don't you know who is the King of Beasts? Aslan is a lion - the Lion, the great Lion."
Is he - quite safe? I shall feel rather nervous about meeting a lion."
"That you will, dearie, and no mistake," said Mrs. Beaver, "if there's anyone who can appear before Aslan without their knees knocking, they're either braver than most or else just silly."
"Then he isn't safe?" said Lucy.
"Safe?" said Mr. Beaver. "Don't you hear what Mrs. Beaver tells you? Who said anything about safe? 'Course he isn't safe. But he's good. He's the King, I tell you."
"Wrong will be right, when Aslan comes in sight. At the sound of his roar, sorrows will be no more. When he bares his teeth, winter meets its death and when he shakes his mane, we shall have spring again."

Teo-Logika

- Elke musikale genre het ‘n eie innerlike “logika” of reëls waarbinne dit speel. So ook elke sportsoort. Binne die reëls is daar speel-ruimte, maar buite die reëls en logika om werk die spel of die genre nie en is daar konsekwensies (ons kan dit ook oordeel of straf noem).
- Ons sou seker God se reëls of “logika” as “Teo-Logika” kon benoem. In Joël leer ons dat die logika vir pyn is om dit na ‘n geloofsgemeenskap en na ‘n medelydende God te vat. Die logika vir oorvloed (of die “Goeie Lewe”) is i) om eerlik met jou brose mens-wees om te gaan, ii) altyd weer te draai na God toe (omdat jou een “goeie” vrees moet wees vir ‘n lewe buite-om die logika van God, want dit het negatiewe konsekwensies) en iii) te beantwoord aan jou Skeppingsdoel (of jou “roeping”) om deel van die lewegewende fontein te wees.

Die Rivier van Lewende Water

- *Joël 3:18 'n Fontein sal uit die huis van die Here borrel en die Sittimdal natlei.*
- *Gen 2:10 Daar het 'n rivier in Eden ontspring om die tuin nat te maak, en van daar af het dit verdeel en vier riviere geword.*
- *Op 22:1 Toe het die engel my die rivier met die water van die lewe gewys. Dit is helder soos kristal en dit stroom uit die troon van God en van die Lam uit.*
- *Ps 46:4 Oor die strome van die rivier is daar blydskap in die Godstad, in die heilige woning van die Allerhoogste.*
- *Eseg 47:12 Weerskante op die wal van die stroom sal allerlei vrugtebome groei. Hulle blare sal nie verlep nie en hulle vrugte sal nie opraak nie. Hulle sal elke maand dra, want die stroom se water kom uit die heiligdom. Die vrugte sal daar wees om te eet en die blare om genesing te bring.*
- Ons word geroep in die beeld van die Rivier van Lewende Water om nie opgedam te word nie en ook nie alles net in ‘n vloed te oorstroom nie. Opdamming is wanneer ons God vir onsself probeer hou. Vernietigende vloed is wanneer ons in veroordeling en vanuit ons eie obsessie om “reg” te wees ander moet wegvee en veroordeel.
- Ons word geroep om i) deel te neem aan God se oorvloed deur te werk waar God werk en ii) sy genesende en lewegewende krag te gelei.

Dankie, Joël!

Hier aan die einde van ons reeks oor Joël het ons nou uiteindelik die hele storie. Is dit ook jou storie?

Daar was eendag iemand wat die sprinkane van die lewe geken het. Die sprinkane het verwoesting, verlies en pyn veroorsaak. Die persoon het gehuil oor dit wat verlore was en genesing vir die pyn gesoek by ‘n lewe-gewende gemeenskap en ‘n verlange na God. Die persoon het ‘n God met ‘n hart ontdek wat herstel belowe en sy Gees oor almal uitstort. Die persoon het verantwoordelikheid begin aanvaar vir besluite en besef dade het konsekwensies. Die persoon het begin deelneem aan God se herstelwerk in die wêreld om ‘n gemeenskap van geregtigheid en ‘n volhoubare aarde te skep. Die persoon het die Lewe in Oorvloed geleef. DIE BEGIN.